**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | | |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. RL Laubscher | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**RVN017/08/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna hy die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN018/08/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**RVN019/08/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN020/08/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 29 JULIE 2025**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 29 Julie 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**RVN021/08/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING: DINSDAG 29 JULIE 2025**
**3/3/2/2**

***(Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Speaker lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 29 Julie 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**RVN022/08/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in.

RVN014/07/2025

Op navraag van Raadsheer Manuel rakende die status van die "Water Concession Agreement", verwys die Munisipale Bestuurder na punt 7 van die Implementeringsverslag en hou die kommentaar aan die Raad voor.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN023/08/2025**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Verklarings/mededelings deur die Speaker:</u>

- Dat Raadslid Laubscher op Woensdag 27 Augustus 2025 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk en seënwense toe met sy komende lewensjaar;
- Dat Raadsheer Du Plooy op Vrydag 12 September 2025 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk en seënwense toe met sy komende lewensjaar;
- Dat die Interskole Derby tussen Hoërskool Porterville en Hoërskool Piketberg wat gehou was op Vrydag 22 Augustus 2025, iets was om te beleef, met spesifieke verwysing na die samesyn, gemeensaamheid en harmonie wat daar beleef was. Hy wens albei skole asook Steynville Primêr wat ook deelgeneem het, geluk met hul prestasies;
- Dat 'n Provinsiale rugby wedstryd tussen die Boland en Oos-Kaap onder-21 spanne op Saterdag 13 September 2025 by Pella Park in Porterville plaasvind; en
- Dat Boland rugby op 'n hoë vlak kompeteer en hou tans die eerste plek op die Curriebeker-ranglys. Hy wens die span sterkte toe met alles wat hul vermag.

<u>LEED</u>

- Dat mnr. K Klaase (werksaam in die Finansiële Dienste direktoraat) se oupa oorlede is en wens die Speaker hom en sy familie sterkte toe in die moeilike tyd;
- Dat mnr. W Wagener (werksaam in die Korporatiewe Dienste direktoraat) se vader oorlede is en wens die Speaker hom en sy familie sterkte toe in die moeilike tyd;
- Dat me. P Banga (werksaam in die Gemeenskapsdienste direktoraat) se moeder oorlede is en wens die Speaker haar en haar familie sterkte toe in die moeilike tyd; en
- Dat verskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale Area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Oomblik van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

<u>Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:</u>

- Dat die voorste drie-drukker in die Curriebeker van Velddrif afkomstig is;
- Dat die "Golden Games" vir Bergrivier se bejaardes op Woensdag 10 September 2025 plaasvind en
- Dat die "Better Together Games" vir amptenare van Bergrivier Munisipaliteit op Vrydag 26 September 2025 in Velddrif plaasvind.

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Dat die Piketberg Sinangoge een honderd (100) jaar oud is; en
- Dat die Blomfees tans gehou word by die NG Kerk en die Sinagoge, dat daar oor die afgelope drie (3) dae meer as twee honderd en vyftig (250) mense deur die Kerk was. Sy nooi almal uit om die pragtige blomme en rangskikkings te aanskou.

***

**RVN024/08/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN025/08/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN026/08/2025**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN027/08/2025**
**CODE OF ETHICAL LEADERSHIP IN LOCAL GOVERNMENT: 7TH PRINCIPLE**
**9/1/2**

The Speaker introduced the item.

**NOTED**

***

**RVN028/08/2025**
**TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES IN 2025/26: FOR PREPERATION OF THE IDP AND BUDGET 2026/27**
**15/1/5/5; 5/1/1**

The Municipal Manager introduced the item.

An error was highlighted for correction in Table 1: *"Strategic Session of Executive Mayoral Committee and Directors"* to be replaced with *"Strategic Session of Executive Mayoral Committee"*

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That Council adopts the Time Schedule of Key Deadlines: IDP and Budget 2025/26 for the compilation/review of the IDP and annual budget in terms of Section 21(1) of the MFMA and Section 29 of the MSA, to guide the planning, drafting and adoption of the Review of the 5th Generation IDP 2022 – 2027 and;

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

2. That an advertisement is placed on the official website of the municipality and in the local newspaper notifying the public of the adopted Time Schedule of Key Deadlines: IDP and Budget 2025/26.

***

**RVN029/08/2025**
**SAMESTELLING VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE EN BEGROTINGSLOODSKOMITEE**
**12/2/3/69**

***(Lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en Raadskomitees word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

Raadsheer Manuel en Raadslid Adams spreek hul misnoeë uit oor die voorgestelde samestelling van die Begrotingsloodskomitee.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Speaker bedank die Raad vir die debat.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat die voorgestelde samestelling van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee aanvaar word;
2. Dat die Begrotingsloodskomitee verwyder word van die Lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en Raadskomitees aangesien die samestelling van die Begrotingsloodskomitee die prerogatief van die Uitvoerende Burgemeester is;
3. Dat Raadslid Laubscher gevoeg word tot die die Lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en Raadskomitees;
4. Dat die nuwe proporsionele Raadslid van die Patriotiese Alliansie (PA) gevoeg word tot die Lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en Raadskomitees; en
5. Dat die gewysigde lys aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring by die volgende Raadsvergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 30 September 2025.

***MUNISIPALE BESTUURDER (30/09/2025)***

***

**RVN030/08/2025**
**REPLACEMENT: EXTERNAL MEMBER OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (MPT)**
**15/1/7**

The Portfolio Chairperson, Councillor Moolman, introduced the item.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That the content of the report is noted; and
2. That Mr Adriaan Neethling (Pr. Pln A/2671/2018), Cederberg Municipality, Manager. Town Planning & Building Control be appointed as external member of the Bergrivier Municipal Planning Tribunal (Bergrivier MPT) as replacement for Ms. Doretha Kotze (Private Consultant) with date of commencement the date of placement of notice in the Gazette.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN031/08/2025**
**UNSERVICED ERVEN IN NORTHERN EXPANSION OF PIKETBERG INDUSTRIAL AREA**
**FARM 241 PB**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in en hou die gewysigde aanbevelings aan die Raad voor.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad in beginsel besluit om die ongedienste erwe te laat diens;
2. Dat voorsiening gemaak word vir ontwikkeling van Nywerheidspersele, Plaas 241, Piketberg;
3. Dat die nodige prosesse in plek gestel word om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer;
4. Dat 'n berekende finale konsepplan, met gepaardgaande kostes, aan die Raad voorgelê word vir finale besluitneming; en
5. Dat voorsiening in begroting gemaak word om volledige dienste te installeer en dat die nodige Voorsieningskanaal-prosesse gevolg word.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN032/08/2025**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE WERKVOORTGANG REGISTER**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Raadsheer Manuel is van die opinie dat die inligting vaag en onvoldoende is en verklaar dat hy nie met die aanbeveling saamstem nie.

Die Speaker gaan oor tot stemming by wyse van hande met die volgende uitslae:

Ten gunste van: 8
Nie ten gunste van: 4
Afwesig: 0

**Die onderstaande besluit word deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die bedrag van R2 120 393.11 afgeskryf word om sodoende die finansiële state te voltooi in lyn met die werklike inskrywings van huidige kapitaal projekte op die werkvoortgang register.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN033/08/2025**
**ADDISIONELE AFSKRYF VAN UITSTAANDE WERKVOORTGANG REGISTER**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item in.

Raadsheer Manuel spreek sy meningsverskil uit.

Op navraag van Raadsdame Lesch oor wat van die projekte word, meld Raadsheer Daniels dat as fondse in die toekoms beskikbaar is sal projekte identifiseer word.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die bedrag van R1 112 266.81 afgeskryf word om sodoende die finansiële state te voltooi in lyn met die werklike inskrywings van huidige kapitaal projekte op die werkvoortgang register.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN034/08/2025**
**APPROVAL FOR THE ISSUANCE OF A BANK GUARANTEE BY NEDBANK IN FAVOUR OF ESKOM**
**12/2/2/14**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Finansiële Dienste.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. Council approves the issuance of a bank guarantee by Nedbank to Eskom for the total amount of R28 500 000.00, allocated as follows:
   - Velddrif Substation – R14 900 000.00;
   - Porterville Substation – R4 900 000.00;
   - De Hoek Substation – R8 700 000.00;
2. The guarantee funds be placed on daily call at 7.15% interest, with interest payable monthly into the Municipality’s current account; and
3. The Municipal Manager be authorised to sign all relevant documentation to effect the bank guarantee agreement between Bergrivier Municipality, Nedbank and Eskom.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN035/08/2025**
**WYSIGING VAN STANDPLAAS: SENIOR BEHUISINGSBEAMPTE VELDDRIF**
**4/1/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat goedkeuring verleen word dat die standplaas van die pos Senior Behuisingsbeampte (VD) vanaf Velddrif na Piketberg gewysig word; en
2. Dat die wysiging op die diensstaat, organogram, posbeskrywing en salarisstelsel aangebring word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN036/08/2025**
**DRAFT POLICY FOR THE NAMING AND RENAMING OF COMMUNITY FACILITIES**
**17/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word van die agenda en terugverwys word na Gemeenskapsdienste vir uitklaring van operasionele leemtes.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN037/08/2025**
**<u>EMPLOYMENT EQUITY ANALYSIS AND EMPLOYMENT EQUITY PLAN FOR THE PERIOD 01 SEPTEMBER 2025 – 31 AUGUST 2030</u>**
**4/9/1/3**

The Speaker introduced the item.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council take note of the new Employment Equity Analysis and Employment Equity Plan for the period 01 September 2025 – 31 August 2030.

***

**RVN038/08/2025**
**<u>RAMPESTUUR JAARVERSLAG 2024/2025</u>**
**17/11/1**

Die Speaker lei die item in.

**<u>Die onderstande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar:</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Rampbestuur Jaarverslag 2024/2025.

***

**RVN039/08/2025**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN040/08/2025**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN041/08/2025**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die vergadering verdaag om 15:41, waarna die lede van die publiek en die Munisipale Bestuurder die vergadering verlaat)***

***(Die Direkteur Finansiële Dienste is die waarnemende Munisipale Bestuurder vir die res van die vergadering)***

***(Die volle Raad, Direksie en die Komitee Beampte sit die vergadering om 15:48 in-komitee voort)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:06*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***